No. R. 561 **16 Maart 1990**

BEMARKINGSWET, 1968 (WET No. 59 VAN 1968)

VERBOD OP DIE VERKOOP VAN VETSMERE

Ek, Jacob de Villiers, Minister of Landbou, handelende kragtens artikel 84 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet No. 59 van 1968)—

(a) verklaar hierby dat, behoudens die bepalings van paragraaf (b), niemand 'n vetsmeer soos in genoemde Wet omskryf, in die Republiek mag verkoop nie—

(i) tensy die betrokke vetsmeer verkoop word volgens die klasse wat by regulasie kragtens artikel 89 van genoemde Wet ten opsigte daarvan voorgeskryf is en in die Bylae hierby vermeld word;

(ii) tensy die betrokke vetsmeer voldoen aan die standaarde aldus voorgeskryf vir die samestelling daarvan, en die bestanddele en ander stowwe bevat wat aldus voorgeskryf is as bestanddele en ander stowwe wat dit moet bevat;

(iii) tensy die betrokke vetsmeer in 'n houer en op 'n wyse aldus voorgeskryf, verpak is;

(iv) tensy 'n houer waarin die betrokke vetsmeer verpak is, gemerk is met besonderhede en op 'n wyse aldus voorgeskryf;

(v) indien die betrokke vetsmeer 'n stof bevat wat aldus voorgeskryf is as 'n stof wat dit nie mag bevat nie;

(vi) indien die betrokke vetsmeer in 'n houer of op 'n wyse verpak is wat aldus voorgeskryf is as 'n houer waarin of 'n wyse waarop dit nie verpak mag word nie; en

(vii) indien 'n houer waarin die betrokke vetsmeer verpak is, met besonderhede of op 'n wyse gemerk is wat aldus voorgeskryf is as besonderhede waarmee of 'n wyse waarop dit nie gemerk mag word nie;

(b) bepaal hierby dat die verbod in paragraaf (a) uiteengesit, nie van toepassing is nie op 'n vetsmeer in 'n verpakking van meer as 2 kg indien daardie vetsmeer bestem is vir verwerking of vir gebruik in die vervaardiging van 'n ander produk; en

(c) magtig hierby die Direkteur van die Direktoraat Landbouprodukstandaarde van die Departement van Landbou om aan enige persoon skriftelik, op die voorwaardes wat genoemde Direkteur bepaal, vrystelling van die werking van die verbod in paragraaf (a) uiteengesit, te verleen.

J. DE VILLIERS,
Minister van Landbou.

BYLAE

KLASSE VETSMERE

Geel margarien.
Wit margarien.
Geel mediumvetsmeer.
Wit mediumvetsmeer.
Geel laevetsmeer.
Wit laevetsmeer.
Vanaspati.
Gemengde vanaspati.

No. R. 561 **16 March 1990**

MARKETING ACT, 1968 (ACT No. 59 OF 1968)

PROHIBITION ON THE SALE OF FAT SPREADS

I, Jacob de Villiers, Minister of Agriculture, acting under section 84 of the Marketing Act, 1968 (Act No. 59 of 1968), hereby—

(a) declare that, subject to the provisions of paragraph (b), no person shall sell a fat spread as defined in the said Act, in the Republic—

(i) unless the fat spread in question in sold according to such classes as may be prescribed by regulation under section 89 of the said Act in respect thereof and specified in the Schedule hereto;

(ii) unless the fat spread in question complies with the standards so prescribed for the composition thereof, and contains the ingredients and other substances so prescribed as ingredients and other substances which it shall contain;

(iii) unless the fat spread in question is packed in a container and in a manner so prescribed;

(iv) unless a container in which the fat spread in question is packed, is marked with particulars and in a manner so prescribed;

(v) if the fat spread in question contains a substance so prescribed as a substance which it may not contain;

(vi) if the fat spread in question is packed in a container or in a manner so prescribed as a container in which or a manner in which it may not be packed; and

(vii) if a container in which the fat spread in question is packed, is marked with particulars or in a manner so prescribed as particulars with which or a manner in which it may not be marked;

(b) determine that the prohibition set out in paragraph (a) shall not apply to a fat spread in a package of more than 2 kg if that fat spread is intended for processing or for use in the manufacture of another product; and

(c) empower the Director of the Directorate of Agriculture Product Standards of the Department of Agriculture to grant written exemption to any person, on such conditions as the said Director may determine, from the operation of the prohibition set out in paragraph (a).

J. DE VILLIERS,
Minister of Agriculture.

SCHEDULE

CLASSES OF FAT SPREADS

Yellow margarine.
White margarine.
Yellow medium fat spread.
White medium fat spread.
Yellow low fat spread.
White low fat spread.
Vanaspati.
Mixed vanaspati.